God werk in Moreletapark

DIRKIE VAN DER SPUY

'n Begeerte om te groei

Kort na die afstigting van die gemeente in Julie 1985, het die gemeenteleiers saamgekom om te praat oor hoe die gemeente geestelik kan groei. Die leiers het 'n geestelike plato en stagnasie in die gemeente bemerk en was bekommerd dat gemeente-wees bloot bestaan het uit gemeente instandhouding. Daar is oor 'n naweek beplanning gedoen en die sterkpunte, swakpunte en uitdagings is geïdentifiseer.

Planne om te groei

Verskeie planne wat meestal binne die tradisionele raamwerk en manier van denke was, is gemaak. Daar is byvoorbeeld besluit dat lidmate **die Woord** meer moet "eet" om geestelik te kan groei. 'n Sterk klem is op kerkbywoning en daaglikse stiltetyd geplaas. Daar het egter nie 'n dramatiese verandering in lidmate se geestelike lewens gekom nie.

Daar is toe besluit om op die **leiers** te fokus, en hulle is met 'n gemeentebou kursus toegerus. Die probleem was egter dat hulle eie geestelike groei nie na die lidmate deurgespoel het nie, omdat hulle maar drie of vier keer per jaar kontak (deur huisbesoek) met die lidmate in hulle wyke gehad het.

Hierna is besluit dat die sleutel vir groei in die feit lê dat elke lidmaat sy of haar **geestelike gawes** moet ontdek. Gevolglik is daar begin met die aanbied van "Ontdek jou gawes" kursusse. Kort voor lank is hierdie kursusse ook gestaak, want lidmate was gefrustreerd omdat daar nie 'n struktuur was waarbinne hulle hul nuut ontdekte gawes kon uitleef nie.

Uiteindelik is besluit om met **evangelisasietoerusting** te begin, sodat elke lidmaat in die gemeente gehelp kon word om van vormgodsdiens na 'n ware persoonlike verhouding met Christus te verander. Ook dit het nie gewerk nie. Lidmate het wel 'n nuwe toewyding aan die Here gemaak, maar daar was nie 'n opvolgstruktuur wat hulle gehelp het om verder vorentoe geestelik te groei nie.

Uiteindelik, na 'n tyd van moedeloosheid en ernstige gebed, het dit vir ons vanuit die Skrif duidelik geword dat **koinonia** 'n sleuteleienskap vir gemeente-wees was. Aanvanklik was daar heelwat teenkanting teen die gedagte om met omgeegroepe te begin. Die rede was dat die kleingroepe wat lidmate geken het naamlik wyksbyeenkomste, nie gewerk het nie. Daar was verskeie redes waarom die wyksbyeenkomste nie gewerk het nie, onder andere omdat die

ouderling nie geskool was as ’n groepfasiliteerder nie, maar wel om ’n prekie vir die groep te gee. Ander redes was dat groepe gedwonge saamgestel is en nie deur vrye assosiasie saamgestel was nie. Die belangrikste rede was die gereeldheid van samekomste, aangesien koinonia nie iets is wat deur sewe of agt byeenkomste ’n jaar gevestig kan word nie.

Nuwe liefde in die gemeente

Koinonia het die individualisme van die moderne samelewing deurbreek en ’n warmte en ’n omgee in die gemeente gebring. Wonderlike vriendskappe en geestelike bande is gesmee en ’n belewenis van die huisgesin van God (1 Tim 3:15, Ef 2:19) is ervaar. Lidmate wat mekaar leer liefkry het, het vrymoedigheid begin kry om hulle harte teenoor mekaar oop te maak. Gevolglik kon hulle in die praktyk mekaar se laste begin dra (Gal 6:2). Liefde het prakties begin realiseer en weer die kerneienskap van die gemeente geword. Hulle het mekaar in hartseer, werkverlies, siekte en met moeilike besluite bygestaan. Nuwe intrekkers is in die kleingroep ingetrek voordat hulle passief en onbetrokke kon wegkruip. Hierdie liefde het uitgereik na die gemeenskap en die wêreld rondom hulle. Elke omgeegroep het met ’n projek begin. So is uitgereik na minderbevoorregte kinders, bejaardes wat swaarkry en na mense sonder kos en klere. As omgeegroep is daar ook uitgereik met sendingwerk en die verspreiding van geestelike literatuur. Die liefde van Christus het lidmate gedring om by die nood en die verlorenheid van mense uit te kom.

Koinonia het die individualisme van die moderne samelewing deurbreek en ’n warmte en ’n omgee in die gemeente gebring.

’n Kweekhuis van genade

Die kleingroep het ’n plek geword waar lidmate **geleer het om Bybelstudie te doen** en die Bybel beter te verstaan. Nog belangriker is dat hulle geleer het om doeners van die Woord te word en nie net hoorders te bly nie. Elke byeenkoms is begin met ’n geleentheid waar elkeen moes vertel in watter mate hy of sy die opdrag van die vorige les, uitgevoer het. Baie lidmate het vir die eerste maal in die kleingroep **leer praat oor die Here**. Hulle het begin om te vertel van persoonlike ervarings en het in die praktyk getuies vir Christus geword. Die meeste van die lidmate het hier in die kleingroep geleer om met vrymoedigheid hardop voor ander te bid.

Lidmate het in die liefdevolle en veilige atmosfeer van die kleingroep geleer om hulle **gawes te laat ontdooi**. Hier het die gawes van bemoediging, barmhartigheid, hulpverlening, kennis, wysheid, profesie en onderskeiding tot sy reg begin kom.

In hierdie liefdesatmosfeer van **omgee vir mekaar**, het die onderlinge toesig en tug weer tot sy reg gekom. Hier het lidmate mekaar met vrymoedigheid begin vermaan en aanspoor en gesorg dat niemand geestelik van die Here afdwaal nie.

Uiteindelik het die leraars se primêre funksie ook verander om die leiers toe te rus vir hulle dienswerk, eerder as om self al die dienswerk te probeer behartig (Ef 4:11-13, 2 Tim 2:2).

So is die geheim vir geestelike groei in die praktyk ontdek. Wanneer 'n mens net ontvang, groei jy aanvanklik 'n bietjie, maar naderhand word jy net geestelik oorgewig en lui. Sodra die ontvang-mentaliteit oorgaan na 'n gee-mentaliteit, begin lidmate wanneer hulle na ander uitreik, ontdek dat hulle self geestelik groei en geseën word.

Die geheim vir groei

Toe die Here Esegiël 47 aan die begin van die gemeente se ontstaan gegee het as 'n visioen van sy plan en missie met die gemeente, het dit beteken dat die gemeente dit moes glo, aanvaar en God daarvoor vertrou. Die gemeente is nou 18 jaar oud en as ons terugkyk, kan ons sien hoe die lewende water in die droë woestyn begin vloei het en hoe daar oral plante met vrug en blare van genesing gekom het.

Die geheim vir groei in die gemeente lê nie by strukturele of ander veranderings wat aangebring is nie. Die geheim lê daarin dat Jesus die Hoof van die gemeente is en dat Hy in elke opsig gehoorsaam word.

Die gevaar bestaan dat menslike **oorleweringe en tradisie** kan keer dat die Here in 'n gemeente kan werk soos Hy wil (Mark 7:1-23). As God op 'n nuwe manier wil werk, vra dit nuwe gehoorsaamheid. Die gemeente in Tessalonisense is gewaarsku om **nie die Heilige Gees teen te staan** of die vlam van God in die gemeente te blus nie. Dit sou hulle doen wanneer hulle nie oop is om die leiding van die Gees te gehoorsaam en plek te maak vir sy leiding en die nuwe dinge nie – naamlik vir die funksionering van profesie in daardie dag.

Die geheim lê daarin dat Jesus die Hoof van die gemeente is en dat Hy in elke opsig gehoorsaam word.

God wil nuwe wyn gee, maar dan moet ons oop wees om sy Gees toe te laat om op 'n nuwe manier te werk. Nuwe wyn moet in nuwe wynsakke kom (Luk 5:33-39). Die geheim van die eerste Christelike kerk was dat hulle 'n keuse gemaak het om **God meer as mense te gehoorsaam** (Hand 5:29).

Is ons vandag nog bereid om die Here die Hoof van 'n gemeente te laat wees? Is daar plek en ruimte vir die Heilige Gees om ongehinderd te werk? Sal ons meer aan God gehoorsaam wees as aan mense? As ons bereid is om hierdie pad te stap, sal ons sien hoe God ook vandag wonderwerke in 'n gemeente doen. Dan sal 'n gemeente weer groei en uitbrei en die wêreld en sy nood verander. Dan sal God weer in die wêreld deur sy kerk verheerlik word.